




Afrikaans Is Bekoorlik Sê Duitse Leseres

'n Duitse dame wat Die O.B. op een of ander wyse 'n tyd gelede in hande gekry en sedertdien 'n gereelde leseres geword het, gee haar indrukke omtrent die Afrikaanse taal weer in 'n brief wat sy as volg aanhef: „Eerstens, aan u almal en u leier dr. Hans van Rensburg veels geluk met die twaalfde bestaansjaar van die Ossewabrandwag.

„Afgesien van u artikels as sodanig verskaf u „onverstaanbare taal“, soos die Engelse dit noem, ons baie genot. Ons verstaan dit heeltemal goed — waarskynlik is die rede daarvoor dat u taal in elke opsig nader verwant aan ons taal is as die Engelse! Oorspronklikheid, eiewilligheid, maar veral die natuurlikheid en oningewikkeldheid in u taal is vir ons so

besonder bekoorlik. Byvoorbeeld: „die Britse mengelmoesbevolking“ of „Jamsak-beleid“ ens. Ons hoop dat Malan hierdie uitdrukkings nie sal invoeg by die dissiplinêre kode waarvan hy op sy kongres vir die pers gewag gemaak het nie. Ek sê dit natuurlik maar net skertsend omdat ons Amerikaanse koerant hier, Die Neue Zeitung waarskynlik hierdie mening toegedaan sal wees.”

Sy meld ten slotte dat die brief van Göring uit Neurenberg vir hulle nuut en daarom dubbel so interessant was.

RUSLAND SAL OOR JAAR GEREED WEES

Rusland produseer vandag vier atoombomme per maand en teen die einde van 1951 sal sy planne gereed wees om die Westerse moondhede met 'n ultimatum te begroet. Dit is die bevinding van die uiters betroubare blad Intelligence Digest op grond van geheime inligting uit Rusland.

Hierdie blad, onder redaksie van Kenneth de Courcy, het reeds in Januarie vanjaar aangekondig dat Rusland besig is om die atoombom te maak en dat die eerste bom in Junie gereed sou wees. 'n Paar weke voor die ontploffing in Amerika en Engeland amptelik vir die eerste maal aangekondig is, het die blad al berig dat die ontploffing plaasgevind het.

Die redakteur verklaar dat dit glad nie moeilik is om geheime inligting in Rusland te bekom nie — soos trouens ook blyk uit die feit dat sy grootste geheim (die atoombom) maklik in Westerse besit gekom het.

Een van die hoogste Russiese regeringslede het 'n paar weke gelede verklaar: „As ons hierdie here van Washington en Londen nog net vir 24 maande aan die kaarttafel kan hou, kan ons die saak afrond deur hulle uit te nooi om hul beursies te oorhandig en te skoort huistoe.”

Die inligting is verstrek deur 'n geheime agent wie se betroubaarheid as Graad A aangedui word, en die blad verklaar dat dit die belangrikste inligting is wat nog ooit in sy kolomme verskyn het. As die Westerse moondhede nie kennis daarvan neem en die nodige stappe doen om hulself te red nie, sal dit presies die toestand wees waarvoor hulle oor twee jaar te staan sal kom.

ATOOMBOMME

Rusland is voornemens om 'n

groot voorraad atoombomme in die volgende twee jaar op te gaar vir gebruik in samehang met sy Noordpool-lugarmada wat vandag die beste in die wêreld is, sy groot duikbootvloot vir gebruik van bomme oor lang afstande, en sy vloot van super-soniese loodslose lugwapens wat hy nou besig is om te ontwikkel.

Hierdie feite, verklaar die blad, kan slegs met die uiterste gevaar vir die mensdom misken word. Die ongeluk is net dat die gaping tussen wat gedoen moet word en wat gedoen word so groot is. Van die grootste belang in die stryd teen hierdie gevaar is die redding van Asië uit die Kommunistiese greep, maar toe die grootste deskundige op hierdie gebied onlangs 'n onderhoud met die Britse ministerie van oorlog in Londen aangevra het om die saak te bespreek, is dit geweier. Die

persoon moes tevrede wees om deur 'n ondergeskikte amptenaar ontmoet te word. (Moontlik was die minister toe te besig om die aanstaande verkiesingsstryd teen die „Opposisie“ te beplan.—RED.)

SJINA

In hierdie stryd teen Russiese wêreldoorheersing, aldus De Courcy, is dit gebiedend noodsaaklik dat Rusland verhoed word om 'n beslisse oorwinning in Asië te behaal. Indien alle hulp weerhou word van daardie elemente wat die Kommuniste vyandiggesind is, en die Sjinese Kommunistiese regering word deur die Westerse moondhede erken en gehelp, sal dit die grootste enkele bydrae wees tot Rusland se finale oorwinning in Suidoos-Asië. (Op die oomblik oorweeg die Britse regering reeds om terwille van Britse handelsbelange die rooi Sjinese bewind te erken.—RED.)

AFRIKA

In die tweede plaas lê die verdediging van Europa in die Nabye Ooste, vanwaar die hoofuitdaging sal kom. Die binnelandse toestand hier is swak en die enigste manier om dit te verdedig is van uit Afrika, wat op reuse-skaal ontwikkel behoort te word deur alle Westerse lande in die kortste moontlike tyd. Vir die doel behoort 'n bedrag gelykstaande aan 15,000 miljoen dollar beskikbaar gestel te word tesame met die beste koppe waaroor die Westerse lande beskik. Dit behoort as 'n volskaalse oorlogsveldtog aangepak te word. Paaie, spoorweë, lugverbindinge ens. moet uitgebrei en gekoördineer word benewens ekonomiese ontwikkeling. In 'n vorige uitgawe het die blad 'n skema voorgestel wat o.a. 'n spoorwegverbinding tussen Plumtree in Rhodesië en Walvisbaai in Suidwes aan die hand doen. Gebruik van diesel-elektriese lokomotiewe behoort so 'n spoorweg die mees ekonomiese in die wêreld te maak, is verklaar.

POLITIEKE OFFENSIEF

As 'n derde maatregel word voorgestel dat die Westerse lande op groot skaal 'n politieke offensief in Rusland en sy satelliete loods. So iets is baie

TWEE

**Maak Vier
Atoombomme
Per Maand**

makliker as wat vermoed word, en die blad verklaar dat hy in dié verband oor geheime beskik wat nie geopenbaar kan word sonder om die Russiese regering van waardevolle inligting te voorsien nie. Dit moet deel vorm van 'n grootskaalse operasie.

Indien hierdie maatreëls nie getref word nie, aldus die blad, sal ons een oggend ontwaak om te bevind dat Rusland toegeruste afspringplekke op al die uiterste punte van sy uitgebreide gebiede opgerig het. As die Atlantiese moondhede hul atoombom-voorrade net op drie of vier plekke hou, en daar geen basisse is wat van alle kante op die hart van Rusland gerig is nie, sal die vooruitsig maar treurig wees.

In die verband wys die blad daarop dat Rusland fluks besig is om in Suid- en Sentraal-Amerika basisse te verkry vanwaar hy die Verenigde State van naby sal bedreig.

(vervolg op bladsy 8, kol. 1)*

Empire Moet Nog Nouer Saamwerk

'n Britse ekonomiese rykskonferensie wat die vermoë van die hele Empire moet verenig en mobiliseer is verlede week deur die Australiese opposisieleier, R. G. Menzies, bepleit. „Die verenigde ekonomiese vermoë van die Statebond is net so groot soos dié van die Verenigde State“, het hy gesê, en daaraan toegevoeg dat dit noodsaaklik is dat daar 'n blywende en gedentraliseerde instelling moet wees vir onderlinge raadpleging. „Met ander woorde, ons eerste volgebond moet wees die Britse Statebond.”

Nog 'n Konferensie Van Empire

Uit Londen word berig dat die Unie-regering versoek is om die moontlikheid van bywoning van 'n konferensie van buitelandse ministers van die Britse Statebond aanstaande jaar in Ceylon by te woon. Deel van die besprekings sal glo gaan oor vredesluiting met Japan.

RHODESIË SPRING UNIE VOOR MET PROTEKTORATE

Mnr. Hugh Beadle, die Rhodesiese Minister van Binnelandse Sake, het verlede Donderdag na Engeland vertrek om samesprekings te voer met die Imperiale Regering oor die federasie-planne van die Britse gebiede benoorde die Limpopo. Mnr. Beadle gaan aan die Imperiale Regering voorstel dat die Betsjoeanalandse Protektoraat lid moet word van die voorgename federasie.

Lidmaatskap van 'n Britse Federasie sal die geesdriftige steun geniet van al die blanke inwoners van die protektoraat sowel as van die meerderheid van die naturelle. Hierdie feite gaan mnr. Beadle aan die Imperiale Regering meedeel.

Die metode waarvolgens die Rhodesiese Regering te werk gaan om Betsjoeanaland te probeer inlyf by 'n Rhodesiese Federasie staan in skrilte kontras met die metode wat dr. D. F. Malan, die Unie se Eerste Minister, gebruik het in sy pogings om die protektoraat by die Unie in te lyf.

Dr. Malan het in Bloemfontein op sy party kongres se ver-

hoog gaan staan en kordaat aan die lede van sy party vertel dat sy geduld oppraak en dat die Britse Protektorate nou by die Unie ingelyf moet word. Dr. Malan het vergeet dat hy die Eerste Minister van die land is en dat hy gevolglik van die diplomatieke kanale gebruik moet maak om sodanige versoek aan die Engelse regering te rig.

Die Rhodesiese Regering daarenteen slaan munt uit dr. Malan se versuim en stuur 'n Minister na Engeland.

Dr. Malan kan maar nie vergeet dat hy partyleier is nie. Hy maak van alles party-politiek.

MONUMENT EN REPUBLIC

Onderstaande boodskap in verband met die Voortrekkermonument is deur die Kommandant-generaal, dr. Hans van Rensburg, namens die Ossewabrandwag uitgereik:

„Uit die Ossewatrek na die hoeksteenlegging van die Monument elf jaar gelede is gebore die Volksbeweging, die Ossewabrandwag.

„Die Beweging groet die Monument waarna die Afrikaner optrek om besieling uit die heldeverlede van ons volk te skep — nie om daardie verlede te verwater of te begrawe nie.

„Wat KAN die Monument se boodskap aan die feesgangers anders wees as dié van Vryheid en van onverdeelde trou aan Suid-Afrika? Daardie manne en vroue van 'n eeu gelede het alles veil gehad vir republikeinse vryheid, en daarom kan ook die pad van die Ossewabrandwag nie anders nie as lei na republikeinse vryheid.

„Daardie manne en daardie vroue het weggetrek van 'n vreemde trou na een onverdeelde trou aan hul enigste vaderland. Daarom voer ook die pad van die Ossewabrandwag na een onverdeelde trou aan hul enigste vaderland — die Republiek.

„Daardie manne en vroue het vir die blanke beskawing alles op die altaar gelê. Daarom voer ook die pad van die Ossewabrandwag na die beveiliging van die blanke beskawing, sonder dat ons nie-Blankes wil veronreg — ewemin as ons voorouers nie-Blankes wou veronreg.

„Daarom is die boodskap van die Ossewabrandwag dat elke feesganger hom sal vereenselwig met hierdie ideale.

„Ongeag watter party iemand aan behoort en ongeag of iemand Afrikaanssprekend is, soos die Ossewabrandwag Afrikaanssprekend is, en of hy 'n ander moedertaal het, voel die Ossewabrandwag dat elkeen wat in daardie gees na die Monument gaan, beweeg op die pad wat regstreeks lei uit die heldeverlede na die bestemming van ons volk.

„En ewemin as enigene die reg het om andersdenkendes te weer van die pad wat ons voorouers gebaan het, ewemin het enigene die reg om terwille van andersdenkendes van daardie pad af te wyk.”

Maatreëltjies Teen S.A. Kommuniste

Dr. Y. M. Dadoo, 'n Kommunistiese leier en 'n Indiër wat in Suid-Afrika gebore is, is ooreenkomstig die Wet op Oproerige Byeenkomste deur die Minister van Justisie, mnr. C. R. Swart, verbied om deel te hê aan openbare vergaderings in die magistraatsdistrikte van die Witwatersrand, Vereniging, Pretoria, Kaapse Skiereiland, Port Elizabeth, Oos-Londen, Durban en Pietermaritzburg.

Min. Swart se optrede teen die Kommuniste kom maar nie verder nie. As 'n verbod op 'n persoon of persone om in een of meer magistraatsdistrikte vergaderings te hou. Die Kommunistiese Party bly voortbestaan as 'n gewettigde party met 'n verteenwoordiger in die Parlement. Die verspreiding van Kommunistiese koerante en pamflette duur voort. Kommunistiese agitators maak nog steeds Kommunistiese propaganda en Kommuniste beklee nog steeds sleutelposisies in die vakbondwese van ons land.

Selfs die Amerikaners onder pres. Truman se leiding en die Engelse onder mnr. Attlee se regering het al doeltreffender teen die Kommuniste opgetree as die nasionale regering in Suid-Afrika.

Tot dusver is twee persone verbied om op 'n paar plekke Kommunistiese vergadering te hou, te wete dr. Dadoo en mnr. Sam Kahn, L.V. — wat nog kan optree net waar hy wil in Kaapland.

Oor hierdie anti-kommunistiese prestasie van sy regering het minister Eric Louw in Durban gopog deur te vertel dat Sam

Kahn nou „Sam Can't” is. Vir ons lyk dit of die anti-kommunistiese ywer van min. Louw se regering tot dusver maar baie lout was.

(vervolg van kolom 5)

masjien anders was nie. As ons regeringshoof soos die President in die V.S.A. talente kon soek waar hulle ookal te vinde was en sonder partytaktiek in gedagte sou ons Staat nie van die uitstaande dienste van 'n H. J. van der Byl, 'n H. J. van Eck, 'n M. S. Louw, en van talle andere beter en meer vrugbare gebruik gemaak het nie?

AMPTENARE EN PARTYPOLITIEK

Ongeveer die helfte van Brittanje se staatsamptenare sal voortaan aan die politiek kan deelneem. Dit geld diegene wat in nywerhede en die laer grade werk. Beslissing oor die posisie van die 470,000 staatsamptenare in hoër grade is tot aanstaande jaar uitgestel.

In die partypolitieke staat is dit 'n beginsel dat amptenare op politieke gebied „neutraal” moet wees in die oorlog tussen die partye om heerskappy van die land. Indien hulle kant kies, mag die lot wat sprinkaan-beamptes, vee-inspekteurs, ens. elke vyf of tien jaar na 'n regeringswisseling tref, ook gedeel word deur die hoër amptenare.

In 'n volkstaat waar die bewind nie op gewettigde burgeroorlog berus nie, dog samewerking, is daar niks wat 'n amptenaar hoef te belet om aan die politiek deel te neem nie.

Ons Moeë Kabinet Ook Uitgediend?

BESTE KOPPE UITGESLUIT VAN HOOGSTE DIENS

So pas het die bedroewende verhaal van uitputting en ooreising van ons kabinetslede in die regeringspers die lig gesien. Ter bemoediging van ons as onderdane wil ons graag aanneem dat die toestand oordryf is. Moontlik is dit takties wenslik beskou om die maksimum meegevoel met die oog op die skepping van addisionele poste te wek. Dit moet ons sekerlik hoop.

ONDER DIE VERGROOTGLAS

Met hierdie toonbeelde van oorywer voor die gees is dit nie onvanpas om die status en funksie van ons kabinet onder die vergrootglas te neem nie. Dis immers die direkte van ons grootste nasionale saak: die Unie-Regering. Al dadelik moet ons sê dat die werksaamhede van hierdie staatsorganisasie so ontsettend in die onlangse verlede uitgebrei het dat beide die hoeveelheid sowel as die gespesialiseerde aard van die werk die allerbeste talente eis. Om dit te kry sal dit vir die land selfs goedkoop wees om die kabinet desnoods te verdubbel en die salaris te verdriedubbel. Daar is egter een voorbehoud: vir die hoë prys moet die beste artikel gelewer word, en hierdie artikel moet gebruik word waarvoor dit ten duurste gekoop is nl. die hoogste belange van die staat.

HOË BESOLDIGING GOEIE BELEID

Die geweldige kapitalistiese ondernemings wat slegs op die

Deur J. de Vos

lees van eie belang geskoei is en met selfsug as dryfveer opeere, vind dit winsgewend om die hoogste pryse vir die beste man te betaal. By hulle tel 'n mensliwende vrygewigheid sekerlik nie. Daar is skaars een, indien enige, van hierdie reusesorganisasies wat nie as kwessie van beleid salarisse van £20,000 per jaar en hoër aan hulle hoogste amptenare betaal nie. In die V.S.A. is onlangs beweer dat die ongeveer tien hoogste amptenare in die Du Pont de Nemours-onderneming gemiddeld elk om en by £50,000 per jaar ontvang.

Sonder om nou juis heeltemal tot uiterstes te gaan moet die beginsel van uitstaande vergoeding vir uitstaande dienste ook in die staatsdiens toegepas word en vir hierdie doel sluit staatsdiens sekerlik ook kabinetslede in.

MINISTERS VAN STAAT DIEN PARTYE

Nou kom egter die haakplek vir ons as burgers van die Unie. Die moeilikheid is dat ons weet te goed waarvoor ons so 'n prys sal moet betaal: ministers wat alleen as hoë uitsonderings die beste man in die land vir sy besondere departement is, ministers wat daarby soeër die partybelang moet dien dat die staatsbelang soos 'n brandsiek eseltjie agter die gunsteling op die renbaan aansukkel.

Die eerste reaksie van die ontugterde toeskouer is om sy lot in luide Jeremiades te beklaag. So het ook die Cape Argus as reaksie op Die Burger se katalogus van hooggeplaaste siekes bedroef gewonder of hul betreunswaardige toestand aan ywer in staatsake of party sake gewyt moet word. Ons laat dit daar. Die Cape Argus voel skynbaar nou meer as van effe, toe hy die Regerings-party gesteun het, oor hierdie simptome bekommerd. Wie weet kry Die Burger aanstonds weer geleentheid tot kommer...

VEROORDEEL DIE BOOM, NIE DIE VRUGTE NIE

Niemand het egter die reg om hom hieroor te beklaag as hy nie eers bereid is om ons kabinetstelsel te veroordeel nie. Die vrugte kom immers van die boom.

Die keuring van ons kabinetslede geskied op koddige wyse. Die Eerste Minister kom daar vanweë, gewoonlik, sy baasskap in 'n politieke party, die fondamentsteen van ons regeringstelsel. Die skitterendste persoon vir die hoë pos sal gewoonlik geen kans hê as hy nie deur die politieke partymasjien wat hom bo moet hou, gesteun word nie. Van die oomblik dat die party onder hom verkrummel en sy steun onttrek het, was genl. Hertzog nooit weer 'n moontlike Eerste Minister van die Unie nie. 'n President deur 'n volkstemming kon hy nog moontlik geword het as die kans gekom het. 'n Eerste Minister kon hy slegs weer word as hy gewillig sou wees om uit die hand van H.N.P.-base genadebrood te ontvang — en as hulle dit sou wou gee.

By die res van die kabinet word die beginsel van beloning vir dienste aan die regerende party eerste in aanmerking geneem. Daar is natuurlik uitsonderings. Die reël bly egter dat

dienste aan die party 'n hoë betrekking verdien en wel by uitnemendheid 'n kabinetsetel.

NIEMAND IS SKULDIG NIE

Die skuld van persone is dit nie. Hoe kan hul anders? Die Eerste Minister moet sy party onder hom staande hou. Ringkoppe van die party, manne wat die party ken, wat die partyorganisasie opgebou het is nodig om die party gaande en veral in orde te hou. Anders is die hele bewind van meet af aan gedoem. Die instandhouding van die party bly die bewindhebbers se eerste taak, geëwenaar slegs deur die drang om die ander party te vernietig en in die verleentheid te plaas.

DIE KABINET IN V.S.A.

Sonder dat sy stelsel fouteloos is, stel die V.S.A. 'n aangename teenstelling met ons s'n daar.

Die President van die V.S.A. bly vier jaar lank hoof van die staat en stel sy kabinet uit die land se bekwaamstes aan, hetsy vanuit of vanbuite die wetgewende huise. Sedert Lincoln se tyd tot 1940 is daar 308 kabinetsetels gevul, slegs 25 persent waarvan uit persone wat een of ander tyd lid van 'n wetgewende Huis was, uit wie slegs 'n geringe persentasie ten tyde van hul diens in die kabinet ook tegelykertyd lid van een van die Huisse was. Vermoedelik het die Presidente die bekwaamstes in die land gekleur.

Tydens sy hele ampstermyn staan die President met sy kabinet onafhanklik van 'n partymeerderheid. Hy is dus nie so onvermydelik op die handhawing van partydisipline aangewese nie. Omdat hy hul nie kan huis-toe stuur om ontydige verkiesingstoesprake te hou nie dien ook die Senatore en Verteenwoordigers hulle volle ampstermyne uit om stem dus sonder vrees vir hulle setels of vir die ineenstorting van hulle regering volgens eie oortuiging. So vind ons gedurende die ampstyd van 'n Demokratiese president nl. F. D. Roosevelt dat een van sy belangrikste wetsontwerpe deurgeloods word met 'n meerderheid van 266 (Dem. 197, Rep. 69) teen 138 (Dem. 92, Rep. 41, andere 5).

GEEN POLITIEKE MONOPOLIE

Teen hierdie agtergrond sit die kabinet van mees bevoegdes hulle werk voort, die ministers getrek uit alle vertakings van die samelewing, nie noodwendig of selfs dikwels uit die klein koterie professionele partyorganiseerders nie. Truman het kort gelede die hoof van die Studebaker Corporation, ene Hoffman, as hoof van die kolossale hulp-vir-Europa-skema en as sodanig as lid van sy kabinet aangestel. Van die grootste figure in die algemene samelewing van die V.S.A. het hulle grootste dienste binne en buite die administrasie gelewer. Onder die ministeriële name verskyn dié van Mellon, Rockefeller, Stettinius, Morgenthau. Die politiek is nie 'n beskermde, geslote beroep uitgehou vir die geskoolde manipuleerder alleen nie, dog dit word deur die personeel van die kabinette met die bekwaamste breine, elk op sy gebied, gevoed.

Dis nie sonder bitterheid dat ons in Suid-Afrika kan droom oor welke kragte ons in 'n kabinet kon gehad het as die

(vervolg in kolom 2)

Kanada Skaf Appél Na Geheime Raad Af

Die Kanadese senaat het 'n wetsontwerp aangeneem wat appèlle van die hooggeregshof na die geregte komitee van die Geheime Raad afskaf en wat die hooggeregshof die hoogste hof van appél maak. Daar word nou op die toestemming van die Koning gewag voordat die wetsontwerp wet kan word.



BEROEMD en WELBEKEND
oor die 66 jaar vir
BESTE WAARDE

in
KLAVIERE

VLEUELKLAVIERE
HUIS- EN KERKORRELS

sowel as alle

ander soorte **MUSIEKINSTRUMENTE** en Toebehore.
GRAMMOFONE, Plate, ens. — **DRAADLOOSTOESTELLE**
BLAD- en BOEKMUSIEK in grootste verskeidenheid

Spesiale Afdeling:

WAPENS

PATRONE, Jagbenodigdhede, **VERKYKERS**, Weerglase.
Sakmesse, Valle vir Ongedierte, Jagmesse, ens.

Nuwe afdeling vir

YSKASTE • ELEKTRIESE STOWE • Elektriese Artikels

R. MÜLLER (Eiens.) BPK.

Hoek van Kasteel- en Burgstraat — Posbus 133 — KAAPSTAD

Die Verhaal van Katyn

Poolse Oudpremier Kla Russe Aan Van Moord Op 15,000 Offisiere

Dit is opmerklik dat die verhaal van Katyn nog nooit deur die demokratiese pers aan die wêreld vertel is nie. Dit is egter nie so onverklaarbaar nie. In die dae van die oorlog het hierdie „kampvegters vir die Christendom” die waarheid graag verberg omdat dit aan die wêreld sou toon dat „premier” Stalin nie so ’n engel is as wat hy voorgeskilder moes word nie, en in die dae na die oorlog kon hierdie waarheid nie meer aan die lig gebring word nie omdat Duitse leiers in Neurenberg vir die Russiese misdad tereggestaan het. Dit was dus in belang van die oogmerke van die Westerse „Christene” om die waarheid van hierdie afgryse gebeurtenis saam met die as van die Duitse leiers in die wind van vergetelheid te strooi.

In ’n boek, The Pattern of Soviet Domination, wat onlangs verskyn het uit die pen van die gewese eerste minister van Pole, Stanislaw Micolajczyk, wat tydens die oorlog in die Poolse vlugtelingregering in Londen en ná die oorlog in Warskou gedien het, word die verhaal in al sy afgrysing vertel.

Die Poolse regering was bewus dat die Russe in 1939 250,000 Poolse offisiere en manskappe krygsgevangene geneem het en 1,500,000 gewone burgers en kinders na slawekampe ontvoer het. Nadat Duitsland Rusland in 1941 binnegeval het, het die Poolse regering in Londen ’n verdrag met Rusland gesluit waarkragtens alle Poolse burgers en soldate op vrye voet gestel moes word. ’n Poolse leër op Russiese grondgebied sou dan opgebou word om saam met die Russe teen die Duitsers te veg. Toe die leër saamgestel moes word, was die Poolse owerheid verbaas om te merk dat daar weinig of geen offisiere hulle aanmeld nie. Op 15 Oktober 1941 het generaal Sikorski die volgende nota aan die Russiese ambassadeur gestuur:

POOLSE NOTA

„Die lot van etlike duisende Poolse offisiere wat nog nie na Pole teruggekeer het nie en wat nie in Sowjet-militêre kampe gevind is nie, bly nog ’n saak van onsekerheid. Moontlik is hulle in die noordelike distrikte van die Sowjet-unie versprei. Hul teenwoordigheid in die Poolse militêre kampe is onmisbaar.”

Hierop is van Russiese kant geantwoord: „Alle Poolse offisiere binne die grense van die Sowjet is vrygestel. U veronderstelling dat ’n groot aantal offisiere in die noordelike distrikte versprei mag wees, berus klaarblyklik op verkeerde inligting.”

STALIN GESPREEK

Op 14 November 1941 het die Poolse ambassadeur Kot in die

Kremlin ’n onderhoud met Stalin in teenwoordigheid van Molotof gehad oor die saak. Stalin het ewe verwonderd gevra: „Maar is daar nog Pole wat nie losgelaat is nie?”

„Baie”, het Kot geantwoord. „Ons is veral besorgd oor die lot van 15,000 krygsgevangenes wat in die kampe van Starobielsk, Kozielsk en Ostashkov aangehou was. Hulle is na ’n onbekende bestemming verplaas tydens die lente van 1940 en slegs tussen 350 en 400 het hulle by genl. Anders aangemeld.”

„Ons vrystelling ken geen uitsonderings nie”, het Stalin geantwoord en toe met ’n offisier oor die telefoon gepraat. Hy het geweier om daarna die vermiste offisiere verder te bespreek.

SKIELIK GEEN BRIEWE

Voorheen, aldus Micolajczyk, is hulle deur die Poolse ondergrondse beweging meegedeel dat die briewe van die offisiere aan hulle gesinne plotse-ling in Maart 1940 opgehou het.

Hierna het genl. Sikorski persoonlik na Moskou gevlieg om die saak met Stalin te bespreek. „Julle offisiere?” het Stalin gevra. „Hulle is losgelaat. Hulle het maar nog net nie jul kamp bereik nie. Moontlik is hulle êrens in Mantsjoerye.”

Sikorski het teengewerp dat dit onmoontlik is dat duisende Poolse offisiere onopgemerk in Rusland kan beweeg. Buitendien sou hulle baie gretig wees om by die Poolse leër opnuut aan te sluit.

SKOUEROPHALING

„Miskien het hulle ontvlug”, het Stalin met ’n skouerophaling gesê, en geweier om die saak verder te bespreek.

Sikorski het toe aan Stalin voorgestel dat, met die oog op die tekort aan offisiere, 20,000 Pole na Engeland gestuur moet word vir opleiding.

Die skrywer meld dat die Britse en Amerikaanse rege-

rings deurentyd geweier het om enige verhoë aan Stalin te rig in verband met die behandeling van die Pole deur die Russe. Die Poolse vlugteling-regering is selfs deur die Londense regering aangesê om sy mond te hou en in geen opsig iets te doen wat Stalin kan kwaad maak nie.

DUITSE ONTDEKKING

Die eerste woord wat die Poolse regering omtrent sy offisiere verneem het, was toe die Duitse radio op 13 April 1943 aangekondig het dat hy vier massagrafte in die bos van Katyn ontdek het wat gevul was met die lyke van „10,000 Poolse offisiere.”

Moskou het daarop geantwoord dat dit ’n nuwe boel „Göbbels-leuens” is en dat elkeen weet dat daardie plek ’n historiese begraafplaas is. In die hoop om ’n onpartydige ondersoek deur die Internasionale Rooikruis te verkry, het genl. Sikorski dadelik ’n verklaring uitgereik waarin hy die feite omtrent die vermiste offisiere verstrek. Hy het die volgende getalle in verband met krygsgevangenekampe in Rusland genoem: In Kozielsk ongeveer 5,000 man onder wie 4,500 offisiere; in Starobielsk, naby Karlov, ongeveer 3,920 man wat met uitsondering van 100 almal offisiere was; in Ostashkov, 6,570 man onder wie ongeveer 380 offisiere.

NAAMLYS

Hy het daaraan toegevoeg dat ’n onvolledige lys met die name, soos deur hul kamerade verstrek, van 4,645 offisiere wat in Rusland vermis word, aan Stalin gegee is, maar nie een van hulle het sy verskyning tot op daardie dag gemaak nie.

Hierop het die Russe met ’n nuwe storie voor die dag gekom: Die hand van die Gestapo sou dan daarin gesien kan word. „Inderdaad was daar in 1941 ’n aantal voormalige Poolse gevangenes in die gebied ten weste van Smolensk (wat bots, aldus die skrywer, met die Russiese amptelike bewering dat alle krygsgevangenes losgelaat was) en hulle het na die Russiese terugtog in die hande van die Duitse slagters geval, wat hulle doodgeskiet en van valse dokumente voorsien het.” Die bewys hiervoor, aldus Moskou, is die feit dat die lyke nog nie ontbind was nie.

WEIER TOESTEMMING

Die Internasionale Rooikruis het geweier om ’n ondersoek in te stel tensy Rusland daartoe toestem. Moskou het egter geweier om sy toestemming te verleen, waarop die Duitsers ’n internasionale kommissie van geleerdes uit die verskillende Europese lande aangewys het om die moord te ondersoek.

(vervolg in volgende kolom)

Kapteins Slag Onderdane Vir Beskerming Teen Unie!

Dat die toenemende rituele moorde deur Basoetolandse kapteins inderdaad meer daarop gemik sou wees om Basoetoland teen die Unie te beskerm as teen die een of ander bese gees wat die kapteins „bedreig” moet afgelei word uit ’n bewering van eerw. Michael Scott wat so pas ’n versoekskrif van 32 Basoeto-kapteins aan die Britse Koning besorg het.

In die versoekskrif vra die kapteins die Koning om hulle te beskerm teen inlywing by die Unie van Suid-Afrika en ook

dat Unie-burgers — „die vyande in ons midde” — wat deur die administrasie gebruik word, in die pad gestek moet word, aangesien „ons bang is wanneer ons hulle tussen U Majesteit se dienaars sien beweeg.”

(vervolg van vorige kolom)

Hierdie kommissie het ná sy ondersoek verklaar dat die offisiere gedurende Maart en April 1940 vermoor is en dat die gebied toentertyd onder Russiese besetting was.

Benewens hierdie internasionale kommissie is die grafte ook gewys aan ’n afvaardiging van die Poolse Rooikruis en aan Britse en Amerikaanse krygsgevangenes.

ONBETWISBAAR

„Die volledige verhaal van die moord op die offisiere is totnogtoe nooit vertel nie,” verklaar Micolajczyk. „Die onbetwisbare feit is natuurlik dat die offisiere koelbloedig deur die Russe en deur die Russe alleen vermoor is. Russiese amptenare het formele verklarings uitgereik omtrent die „loslating” van die offisiere meer as twee jaar nadat hulle geslag is in ’n toneel wat die hemel siek moes gemaak het.”


En dan volg die verhaal van die moord soos dit uit Russiese mond verneem is. Ons publiseer dit in ’n volgende artikel.

Sinode Onderskryf C.N.O.-Beleid

Die Sinode van die N.G. Kerk in Kaapland het verlede week sy besluite van 1940 en 1945 om aktief te help om ’n Christelike-nasionale onderwysstelsel te verkry, herbevestig.

Die beleid wat in brosjure van die Instituut vir C.N.O. uiteengesit is, is deur die Sinode in beginsel onderskryf, hoewel die Sinode hom nie bind aan besonderhede en uitdrukkings nie.

PROBEER DIT! VIR OË-TOETS



WATTER PAAL IS DIE LANGSTE ?

VIR SMAAK-TOETS

Neem twee skuiwe van enige soort sigaret, behalwe Kommando. Moenie die eerste skuiw intrek nie, blaas dit saggies deur u neusgate uit. Neem nou die tweede skuiw, trek dit in en blaas dit dan deur die neusgate of deur die mond uit. Toets Kommando nou op die selfde wyse. Let op watter sagte, geurige rokie u van Kommando kry. (Antwoord op oëtoets: As u meet, sal u ontdek dat hulle presies ewe lank is.)



U OË MAG U BEDRIEG
MAAR U KAN STAAT
MAAK OP U SMAAK

RONDE
Kommando
-sigarette



20 vir 1/-
50 vir 2/4



Kan met trots
aanspraak maak
dat sy kliënte
onder die bes
geklede klasse tel.

ADDERLEYSTRAAT 134 — KAAPSTAD

DIE O.B., WOENSDAG, 16 NOVEMBER 1949

WIE SAL RED?

Elders in ons blad plaas ons 'n opsomming van die vreesaanjagende bevindings van een van die mees ervare en bes ingeligte deskundiges op die gebied van wêreldgebeure. Ons het hier nie te doen met propagandapraatjies van politieke organe of die sensasieberiggewing van goedkoop joernalisme nie, maar met 'n stelsel van geheime diens wie se akkuraatheid deur die ontwikkeling van gebeurtenisse herhaalde keer bevestig is en wat in sy proses van inligting-versameling reeds meer as een medewerker op gewelddadige wyse verloor het. Daar bestaan dus geen rede om te twyfel aan die juistheid van die inligting wat omtrent die Russiese voornemens verstrek word nie. Maar ongelukkig bestaan daar twyfel ten opsigte van die bekwaamheid van die huidige politici wie se taak dit is om die wêreld van die rooi aanslag te red. Want die Westerse wêreld het deur middel van sy mal politieke stelsel wat selfs met geweld op die meer verstandiges afgedruk word, opgehou om staatsmanne voort te bring. In plek daarvan het ons vandag net ambisieuse partypolitici by wie die eerste oorweging is om in die „kussings” te kom of daarin te bly — deskundiges op die gebied van elektrie-voering, maar pappegaai op die gebied van volks- of wêreldpolitiek; reuse op 'n propaganda-verhoog, maar dwerge op die terrein van staatkundige optrede.

Dit was aan politici soos hierdie dat die wêreld uitgelewer was toe mannetjies met hul borsies tot barstens toe vol haat aangesit het om die tafels van „premier” Stalin en „ja” en „amen” gesê het op elke eis wat die Oosterse despoot geïnspireerd gevoel het om te stel. Dieselfde manne wat elke gebaar van 'n volksgeenoot in die teenparty met argwaan sou bejeën, het soos verblinde motte rondom 'n lamp aangevladder teen die gestalte van die Russiese diktator. Toe Stalin sy eise gestel het ten opsigte van die inlywing van die helfte van Pole — terwille van wie se onskendbaarheid hierdie Lulliput-mannetjies die wêreld in 'n oorlog gedompel het — het die „groot held” van Amerika, Roosevelt, onder voorwendsel van maagongesteldheid opsy gestap en die beslissing oorgelaat aan Winston Churchill, wat op sy beurt nie eens die sedelike moed gehad het om aan hierdie vluggende Amerikaanse „staatsman” by Casablanca te sê dat hy nie van die idee van onvoorwaardelike oorgawe hou nie.

BEWIND VAN DWERGE

En hierdie Britse „reus”, Churchill, is sedert die einde van die oorlog vervang deur die dwerge-bewind van Clement Attlee wat tot op hierdie hede nog weier om die nie-parlementêre Spanje as staat te erken, terwyl hy heeltemal bereid is om Stalin se rooi poppe in Sjina met amptelike erkenning te vereer, en wat tot verlede week nog na geen rede wou luister in verband met die aftakeling van Duitse fabriek nie.

Dit is opvallend dat hierdie politici nog vir vier jaar lank volhard het om „hul Potsdamse woord na te kom” nadat dit vir almal al duidelik geword het dat „premier” Stalin sy finale reëlings tref vir die likwidering van die Westerse beskawing. Onderwyl Stalin besig was om nie net die Duitse volksgevoel te verower met skoonklinkende beloftes nie, maar ook die Duitse militêre krag voor sy oorlogswa af te rig, het hierdie Westerse dwerge nog volhard om die Duitse volk met hul aftakelingsbeleid tot Kommunistiese wanhoop te dryf. En eers nou, nadat Stalin met sy Oos-Duitse republiek en militêre „polisie” 'n regstreekse uitdaging aan hulle gerig en met sy verwysing na die gekombineerde krag van Rusland en Duitsland sy oogmerk onomwonde verklaar het, het daar 'n fladdering in die anders so trae duiwehok van Westerse politici gekom. Die dwerge het besluit om na vier jaar van uittarting van die Duitse volk, laasgenoemde se vriendskap te wen deur stopsitting van hul vernietigingswerk te oorweeg!

SLEGS OP VERDEDIGING

Verre daarvan dat hulle oorgaan tot 'n politieke offensief teen die Kremlin, soos De Courcy voorstel, het hierdie mannetjies maar net op verdediging gegaan deur hul uit tarring van 'n mede-Westerse volk te staak.

Dit is daarom ydele hoop om te verwag dat dwerge van die kaliber van Clement Attlee of selfs sy „opposisie-leier” Winston Churchill — om nie eens te praat van die meteoreverskynsels aan die Franse parlementêre lugruim nie — by magte kan wees om die volskaalse politieke en strategiese offensief teen die Asiatiese kolos te loods. En al het hulle nog die insig daartoe, dan sou dit hulle heeltemal aan tyd ontbreek, want, kyk, onderwyl die parlementêre wisselmasjien in Frankryk elke paar maande 'n nuwe kabinet uitdraai, berei die politici van Engeland hulle voor op hul lewensbelangrike stryd om besit van die groen kussings aanstaande jaar, en wie het met sulke pryse voor oë dan nog tyd vir die redding van 'n wêreld?

Dit geld ook ons eie land. Toe hy in 1939 kordaat Duitsland die oorlog aangesê het kragtens die „soewereine wil” van sy parlement, is die belangrike bydrae van Suid-Afrika tot die gesamentlike oorlogspoging tydlig en ontydig hoog geroem. In die laaste dae van sy bewind het genl. Smuts, selfs ook binne die Britse laerhuis, 'n late waarskuwing laat hoor ten opsigte van die behandeling van Duitsland in die aangesig van die rysende gestalte van die Russiese kolos. Hy was egter 'n stem piepende in die

(vervolg in volgende kolom)

Sowjet Se Sielkundige Stryd Teen Weste

(Van Ons Korrespondent in Duitsland)

Die tempo waarmee daar in die Berlynse Sowjet-sentrale gewerk word laat geen twyfel daaroor dat die nuwe planne van die Sowjet vir die hele Duitsland teen die tyd van die verkiesing in 1950 wesenlik toegepas en die vooropgestelde doel, naamlik om die hele Duitsland in hande te kry, ver-wesenlik sal word nie. Vir die doel het Moskou tans 'n nuwe versoenende blaadjie ten opsigte van Duitsland omgeslaan, en dit terwyl die Westerse moondhede nog steeds volhard met hul aftakeling van Duitse nywerhede.

Ongeag wat agter die ware planne van hierdie geraffineerde Sowjet-sielkunde skuil, mag die uitwerking nie onderskat word van die feit dat Rusland as eerste besettingsmag die alleen-bestaan van die Oos-regering voor die hele wêreld geproklameer het deur die instelling van 'n ministerie van buitelandse sake en die sending van Duitse diplomatieke verteenwoordigers. Die betekenis van hierdie gevaarlike teenstanders is opnuut bewys deur die telegram aan Wilhelm Pieck wat Stalin persoonlik onderteken het. Dit lui woordeliks:

„Die ondervinding van die afgelope oorlog het geleer dat die Duitse en Russiese volk die grootste offers gebring het, en dat hierdie twee volke die grootste vermoë in Europa besit om die grootste dade van wêreldbetekenis te volbring.”

DUITSE EENHEID

As eerste gebod geld nou die versterking van die „nasionale front” sowel as die stryd om eenheid van die hele Duitse volk. 'n Beroep op die intelligentsia, wetenskaplikes en ingenieurs het gevolg op die ontmoeting tussen 60 Sowjet- en 150 Duitse ingenieurs in 'n Berlynse fabriek. Bo die ingang van die saal het die welkomswoorde gestaan: „Die vriendskap tussen die Russiese en Duitse intelligentsia versterk ons demokratiese bedryf.” Verdere ontmoetings is gereël waartoe ook van die intelligentsia uit die Westerse sektor uitgenooi is. Om dit vir die „Bourgois” soveel aantrekliker te maak, is op die maatskaplike betekenis van die intelligentsia gewys wat Sowjet-Rusland tot die nywerheidsmag ontwikkel het wat hy vandag is. „Daarom,” aldus Sowjet-ingenieur Projadin, „is die intelligentsia die lieflinge van die Russiese volk.”

DIE GEVAAR

Wat Rusland belowe en wat hy uiteindelik sal bied, is twee verskillende dinge wat niks met mekaar te doen het nie, maar die gevaar bestaan dat mense wat tot so 'n lae peil van armoede gedaal het dat hulle—sonder die daadwerklike hulp

(vervolg van vorige kolom)

woestyn. Niemand het op hom ag geslaan nie, want sy agterryerswerk was afgedaan en wat het hy te sê oor die buit? Genl. Smuts is opgevolg deur 'n nasionale bewind, maar, sover die volk bekend, is nog nooit enige vertoë tot Brittanje en Amerika gerig oor die behandeling van Duitsland nie. So iets kan ook nie verwag word nie, want wat van die Engelse stemme by 'n volgende verkiesing?

Solank die Westerse moondhede hul kragte verspil met die interne politieke oorloë van die parlementêre demokrasie waar dikvelligheid en opportunisme 'n veel groter aanwys is as wysheid en staatsmanskap, solank sal Stalin sonder veel teenstand sy onbelemmerde planne vir wêreldoorheersing kan deurvoer.

van die Westerse moondhede—nie in staat is om daardie verskil raak te sien nie, wel deur valse verwagtings mislei kan word. 'n Volk wat deur middel van swaar en eerlike werk nie eens in staat is om 'n bestaan te verdien nie, kan maklik 'n valse hoop ten prooi val. Nieteenstaande dit gaan die aftakeling van die fabriek in Wes-Duitsland steeds voort.

BRITSE DWAASHEID

Daar was 'n tyd in die geskiedenis toe oorwinnaars — selfs Engeland en Frankryk — teenoor oorwonne kultuurdraende volke 'n houding ingeneem het wat 'n mate van respek teenoor hulle toon, en wat aan hulle etiese en kulturele waardes, eerbied en reg op bestaan toegeken het. Dit is tydverkwisting om 'n vergelyking tussen daardie toestande en die huidige te tref; maar die feit bly staan dat op 'n tydstip wanneer die Duitse kultuur so gevaarlik uit die Ooste bedreig word, veral Engeland uit vrees vir sy eie politieke en ekonomiese posisie, nie alleen hierdie gevaar ignoreer nie, maar hom ook geroepe voel om POLE te waarsku teen 'n herleefde Duitsland op militêre gebied. Moet hierdeur die ontsaglike lydings-trek van miljoene vlugtelinge uit die Ooste bekragtig word?

TEENSTELLING

Terwyl Engeland Wes-Duitsland verder industrieel ontwapen, bied Stalin grootse heropbouplanne aan. Die industrialisasie van Kommunistiese Sjina deur middel van Duitsland en die Ruhr-gebied is die lokmiddel waarmee die Duitse nywerhede uit hul besorgdheid omtrent afsetgebiede vir hul

Kla Omdat Indië Goedkoper Van Duitsland Koop

Die Britse pers kla dat die Duitse fabrikante weer begin het om hul „pryse te sny” in mededinging met Britse goedere. As voorbeeld word verwys na 'n bestelling van twaalf lokomotiewe ter waarde van £200,000 deur Indië waarvan die helfte nou gegaan het na die Duitse firma Henschell in plaas dat die hele bestelling by die Hunslet-maatskappy in Engeland geplaas is. Die berig voeg daar-aan toe dat die Duitse prys £60,000 laer was as die Britse.

Hierdie transaksie herinner aan wat voor die oorlog in Suid-Afrika gebeur het. Ook die S.A. Spoorweë het in een geval sy bestelling lokomotiewe tussen Engeland en Duitsland verdeel. Die Duitse lokomotiewe het lank nadat die Britse masjiene se gees al uit was, nog goeie diens gelewer.

Maar dit was veral stadsrade, soos Johannesburg bv. wat herhaalde maal swaar masjinerie ter waarde van honderd duisende ponde uit Engeland bestel het, wat soms soveel as dubbel so duur was as die Duitse tenders. Die Slagkreet was egter „Koop Brits” ongeag prys of gehalte.

produkte gehelp sal word. Uit die Westerse Sones kom reeds stemme — nie uit Kommunistiese kringe nie — wat protesteer teen die onversoënlike houding van die nuwe regering teenoor die Oos-Duitse regering, en wat op die noodwendigheid wys van ekonomiese betrekkinge met Oos-Duitsland en die Balkan-state. Ook met die uiters moeilike ekonomiese posisie van Wes-Berlyn het die Russe rekenskap gehou. Op die oomblik het Wes-Berlyn eenderde miljoen werkloos en van die wat werk is 70 persent slegs half-daags besig. Tog moet bewoners van die Westerse sektors van Berlyn nodige reparasies in die Oosterse sektor laat doen deur arbeiders wat goedkoper vir Oos marke sal werk.

OOGERMERKE

Moskou sal nooit aan die politieke en ekonomiese stabiliteit van die Weste glo nie en sal niks onaangeroer laat om hierdie oortuiging met alle slimheid en sielkundige propaganda oor die hele Duitsland uit te brei nie.

Aan die doelstellings van die Sowjets is nouliks meer te twyfel. Met die opstelling van die „Duitse Demokratiese Republiek” in Berlyn is 'n begin gemaak met verdere weswaartse ontwikkeling. Rusland weet dat Duitsland nie maklik gewen sal word nie, maar hy wil met alle middels verhinder dat Duitsland in die vaarwater van die Weste kom, en daarvoor gaan hy die Oos-Duitse Regering gebruik.

Die verskille tussen die Oos- en Wes-Duitse regerings word onderstreep; laasgenoemde word as marionette bestempel en eersgenoemde as 'n „ware, selfstandige, Duitse regering” afgebeeld. Hierdie taktiek is besonder gevaarlik omdat die Westerse moondhede hulle steeds in Duitse aangeleenthede inmeng en daardeur bewyse vir die Russiese stellings lewer — nog meer gevaarlik is dit op 'n tydstip wanneer nie alleen Duitsland nie, maar die hele Europa op kruispaaie staan.

Rus Word In Pole Baas Van Leër

Verlede week is aangekondig dat die Russiese maarskalk Konstantin Rokossoski aangestel is as die maarskalk van Pole — wat beteken Pole se minister van verdediging. Die banneling-oudpremier Mikolajczyk van Pole het in New York van die aanstelling gesê: „Dis 'n erkenning dat die Russe baas is in Pole.”

In die hoofstede van die Westerse lande word die aanstelling druk bespreek. Wat sou daar-agter skuil? Sou Stalin die Russiese troepe uit Oos-Duitsland wil onttrek en selfs met Russies-Duitsland 'n vredesverdrag wil sluit? En sou hy dan 'n beheerde en lojale Poolse leër nodig hê vir geval van gebeurlikhede? Niemand weet nie, maar almal vrees dat Rokossoski se aanstelling die voorspel tot 'n nuwe Russiese set teen die Weste is.

DOEN U PLIG EN WAG OP GOD

Mev. J. Theron, Koffiefontein, skryf:

In Die O.B. van 26 Oktober het iets my aandag getrek wat die vraag uitlok: „Hoe lank hink julle op twee gedagtes?” Die tyd het stellig aangebreek dat elkeen nou moet kies, ons kan nie twee here dien nie.

Volgens die skrywe van „Ricordo Macaria,” Stellenbosch, blyk dit asof hy alte graag die „sin van die regering” wil gee maar tog nie daardie innerlike stem kan smoor wat fluister dat dit tog nie reg is nie.

Ook voel ek geneig om in alle beskeidenheid van „Oom Gandhi,” Kaapstad, te verskil omtrent die „ou tronkvoëls en doringdraadsitters”. Daardie edel manne wat vir so 'n edel saak soveel vernedering, smaad en hoon moes verduur in tronke en interneringskampe, dra die grootste agting en respek van ons volk weg.

Ook is ons volk nie „soort republikeine” nie, wat maar somer pal prys gee waarvoor hulle, soos hierbo genoem, 'n reeks van dure offers betaal het vir wat vir ons heilig is nie. 16 Desember kan deur geen ander datum vervang word nie. Elia is nie toegelaat om terwille van sy vrees vir 'n Jesebel wat sy lewe gesoek het, 'n ander dag op te tree as juis die dag wat bepaal is vir die volksfees nie, d.w.s. die mens moet sy plig doen en die wonder aan God oorlaat!

Ons eie geskiedenis leer ons ook 'n eenvoudige maar baie duidelike les: Piet Retief, 'n vrome Christen, moes die hoogste prys betaal dat dit kon dien as 'n wegwysing vir die nageslag omdat 'n Alwyse God vér in die toekoms sien. Retief se vreugde was groot omdat hy, soos hy gemeen het, 'n weg gevind het wat so veilig en maklik sou dien tot 'n besteding van 'n blanke beskaving in Suid-Afrika. As Dingaan net eers daardie kruisie gemaak het op die dokument in sy besit, hoe versekerd is die toekoms van sy dierbare volk nie! Die ver-

raderlikheid en die gevaar van daardie weg het sy doodsbeendere, weggebleek tussen klip en gras, verkondig.

Sarel Cilliers moes geroep word om die enigste betroubare weg aan te wys. Biddend met die oë vertrouend op hul Almagtige Leidsman, het die klein groepie, nie uitgestel nie, maar op 16 Desember, wat voortaan sou heet **Wonderdag**, tot in ewigheid vir die nageslag, daadwerklik opgetree en die wonder van God aanskou!

Ek onthou nog hoe die woorde: „As ek swyg sal die klippe uitroep,” my aandag in beslag geneem het toe ek nog 'n kind was en hoe ek altyd my ore gespit het, want hoe daardie geluid moes wees, het my verstand te bowe gegaan. Hoe plotseling het dit dan vir my duidelik geword toe, terwyl ek eendag by die Vrouemonument by Bloemfontein daardie beeld van namelose smart en lyding staan en aanskou, dit tot my deurdring hoe luid daardie klip roep tot 'n ontfermende Vader! Dit is asof Hy teer en liefdevol antwoord: „Ek wag rustig en aanskou uit My woonplek!” Hy ken sy tyd.

Sal die klip van die mure wat 'n tere skooldogter, Elsabe Nel, omsluit het en ook waar 'n Julian Visser en Hendrik van Blerk die dood in die aangesig gestaar het, dan nie uitroep en sou God nie hoor nie?

Ons word gedwing om te kies. Die klippe waar 'n Retief se oorblyfsel gevind is, roep 'n waarskuwing uit terwyl dié van 'n Sarel Cilliers die stem verhef en 'n belofte verkondig. Die keuse word eenvoudig gestel.

Daardie Voortrekkermonument sal na 16 Desember 1949 'n stem van die verlede wees. Wat gaan dit die nageslag toeroep?

Die lesers sal met my saamstem dat ons leiers van die Ossewabrandwag hulle in die verlede op so 'n wyse van hul taak gekwyt het dat dit hul tot eer strek en ons hulle nog met volle vertroue sonder enige verwarrende voorstelle van ons kant, kan volg. 16 Desember is Geloftedag!

Kommissie Vir Vakansiedae

Die kommissie wat moet ondersoek instel na die Unie se openbare vakansiedae, het hierdie week sy werksaamhede in Pretoria begin. Dr. S. H. Pellisier is voorsitter en die lede is mnr. W. A. Campbell, dr. E. Greyling, oudsen. C. L. Henderson, kol. A. Y. St. Leger, prof. H. B. Thom en prof. J. C. van Rooy. Dit is die derde kommissie van ondersoek wat in verband met hierdie aangeleentheid benoem is. Die arbeid van die vorige twee was vrugtelos.

Soos Ons Lesers Dit Sien

WAARDERING VIR BLAD

Mnr. D. P. Ackermann, Goodwood, skryf:

Ek kan u nie sê hoeveel ek die artikels wat van tyd tot tyd in Die O.B. verskyn, waardeer nie. Nie omrede ek die O.B.-gedagte op die hart dra nie, maar omrede hierdie kolskote so reg in die kraam van die republikeinse Afrikaner pas. Onlangs verskyn daar in Die Burger 'n stukkie waarin 'n bekommerde Afrikaner moeder haar misnoeë te kenne gee oor die dra van die Slagtersnek-balk. Dit sou dan aanstoot gee aan mense wat eertyds vir die V.P. gestem het, maar nou ware gesuiwerdes geword het.

En verlede week haal Die O.B. dit op pragtige wyse aan. Ek sê nogmaals baie dankie aan hierdie gesonde kritiek. Dit is voorwaar 'n riem onder die hart.

ANDER BRIEWE OP BLADSY 6

Ons is almal dankbaar vir die monument wat gebou is ter nagedagtenis van ons helde. Ons gaan almal feesvier te midde van Afrikaner-verdeeldheid en die groot bohaai van diegene wat op slot van sake die republikeinse gedagte die meeste verfoei.

WAARDERING VIR ARTIKEL

Mnr. Izak Stoltz, Vergelegen, P.K. Badplaats, oor Carolina, skryf:

Die brief van genl. J. A. Smith oor „Galg wag nog vir elke Vryheidstryd” vind ek so treffend dat ek wens dat dit daagliks onder die aandag van die Afrikaners wat aanbidders van persone is; en wie se volksgevoel deur die partypolitiek geneutraliseer is, mag gebring word. Mag elke Afrikaner weer daardie hoë ideaal nastrewe wat ons voorgeslagte, die Hugenote, Voortrekkers en die 33,000 mans, vroue en kinders hulle lewens voor opgeoffer het — waar ek ook 'n aandeel gehad het om goed en bloed voor op te offer vir ons vryheid.

WAAROM BANG?

Mev. (veldkte.) S. E. Stander, Barrington, skryf:

Daar dit my bittere berou en ondervinding is dat ons volk besig is om ons heilige erfenis op Monumentkoppie ook aan die vyand uit te lewer, skrywe ek op roupapier. Watter reg het die Engelsman op ons monument dat ons moet bang wees om ons vlag te hys, of om ons volkslied te sing? Wie van ons vyande was bang om ons nasie so wreed te behandel? Hoe lank wil ons volk 'n vreemde god aanbid? Ek versoek my volk in hemels naam om die geskiedenis in Daniel 3 van Nebukadnezar en Sadrag, Mesag en Abednego te lees en betyds te volhard voordat God ons uit sy volk verstoot en ons deel met die diere maak.

Ek moet sê ek het nooit bang geword of verslap nie en was altyd vurig hoewel al op 'n leeftyd van sewentig jaar die 22ste Oktober gewees. Maar van dat dr. Malan ons aan die Britte verruil het vir 'n heildronk, het ek gesê dis Ikabod.

Wat het hulle makeer om die Engelse uit te nooi om saam met ons te gaan feesvier?

Ek wil ook graag na Pretoria gaan, maar moet ek nou my geld vermors en dan nog aan my siel ook skade ly?

ENGELSE BESPREEK DIE ONTSTAAN VAN AFRIKAANS

Die vraag wanneer Afrikaans ontstaan het, is die afgelope weke druk in die kolomme van die Cape Times bespreek na aanleiding van 'n wysneus se selfversekerde bewering dat dit laf is om Afrikaans by die Monument te wil praat omdat Voortrekkers nog nie Afrikaans gepraat het nie, dog Hollands!

Hierdie onkundige wat homself noem „Simple Truth”, het die ietwat stram geheue van 'n geesgenoot wat verkies om onder die naam „Language” te skryf, aan die gang gesit terug na sy geboorte in 1868 in Bloemfontein, toe die Afrikaans wat gebesig is, „baie verskillend” was van die Afrikaans wat sedert die Tweede Vryheidsoorlog gepraat word. Dit was in die dae toe die Engelse en die „Dutch” 'n baie gelukkige groepie in die Vrystaat was, aldus die sekondant.


'n Ander brieffskrywer het hierop met historiese bewyse gekom om aan te toon dat Afrikaans klaar 'n taal was voor 1800 en dat dit inderdaad reeds 'n halwe eeu ná die volksplanting van Hollands onderskei kon word. Vroeg in die 18de eeu, omstreeks 1713, het reisigers al melding gemaak van die feit dat die boere in die binneland nie meer Hollands praat nie. In 1802 het De Mist geskryf dat die mense nie meer **Hollanders** is nie en het hy hul taal „Afrikaans-Nederlands” genoem. Die brieffskrywer wys ook op die feit dat die boere sedert 1700 die binneland ingetrek het in verskillende rigtings, waardeur alle verbinding met mekaar verloor is. Nogtans het hulle presies dieselfde taal gepraat sodat daar nooit enige

Afrikaanse dialek êrens gevorm is nie. Dit toon aan dat Afrikaans reeds teen daardie tyd klaar gevorm moes gewees het.

LESERS BETIG

In 'n hoofartikel sluit die Cape Times hom hierby aan en verklaar dat die verwarring ontstaan omdat daar geen onderskeid gemaak word tussen spreek- en skryftaal nie. Omdat die Afrikaners Hollands as hul kerktal gehandhaaf het, het Afrikaans geen letterkundige status geniet tot eers in die tweede helfte van die negentiende eeu nie. Maar die gedigte van Totius en die ander letterkundige baanbrekers sou onmoontlik gewees het as Afrikaans nie reeds lewenskragtige bestaan het en in 'n vaste vorm gegiet was nie. In dié opsig, aldus die blad, is Afrikaans in dieselfde posisie as wat Engels in die dae van Normandiese Engeland was. Dit was dailiks gepraat en was ingewortel in die harte en gees van die volk. Dit het net gewag vir die eerste taalpatriotte om sy plek tussen die geskroewe tale van die wêreld te neem.

„Dit is niks meer as reg en paslik nie dat diegene wat Afrikaans probeer kritiseer as 'n taal eers die taal moet leer en iets van sy geskiedenis moet lees”, besluit die blad.



Wonings in die Verskiet

Die weg na daardie woning is heel duidelik, en niks langer as wat u dit maak nie. Arbeidzaamheid, geduld, spaarsaamheid is die hoofvereistes. En Saambou sal u help. Hierdie Afrikaanse Bouvereniging het ook klein begin en hard gewerk. Geleenthede word aangebied vir veilige en voordelige beleggings. Begin nou, al is die beleggings klein. Moontlik is u binne enkele jare die trotse eienaar van daardie woning in die verskiet.

**£7/10/0 per maand
word £375 in
minder as 4 jaar:**

Stortings van £7 10s. 0d. per maand beloop £352 10s. 0d. in drie jaar en elf maande, waarop u minstens £22 10s. 0d. rente verdien teen die huidige rentekoers van Subskripsie-aandeel. Met £375 0s. 0d. kan u reeds vir u 'n erf koop. Nog net 'n klein bietjie spaar en Saambou sal u help om die woning van u drome daar op te rig. Skryf om ons boekie „Belê veilig en voordelig,” en doen ook navraag oor die skepping van 'n studiefonds vir u seun of dogter.



SAAMBOU
(PERMANENTE)
BOUVERENIGING

Posbus 4180, Telefoon 2-8055, Kaapstad; Transvalia-gebou 240, Telefoon 2-2588, Pretoria. Verteenwoordigers in alle vername dorpe.

BATE OORSKRY ... £1,350,000

DIE PRAGTIGSTE
LINNEPAKKE KOOP
U BY

Steyns

DIE MODEWINKEL

Parow



DAMES-,
MANS- en
KINDER-
UITRUSTERS
SNYERS

UNIEWINKELS

Beperk

KERKSTRAAT 275 — PRETORIA

TAKKE: Johannesburg, Benoni, Vereeniging, Kaapstad.

TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:

Huishoudelike Kennisgewings:
(Verloving, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

Handelsadvertensies:
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.
Intekengeld op „Die O.B.” (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.

GEBORTE

HICKMAN.—Aan Hendrik en Annie (gebore Raats) 'n welgeskape dogter in die Frigo Verpleeginrigting, Bellville. Dank aan dokter en verpleegsters.
16/11/1B

BETREKKING VAKANT

SNELSKRIJF-TIKSTER.—Applikasies word ingewag vir 'n tweetalige snelskryf-tikster vir 'n vakante betrekking in die Ossewabrandwag en Voorslag kantore. Salaris volgens ondervinding. Dit word verwag dat die suksesvolle kandidaat 'n lid van die Ossewabrandwag moet wees. Doen aansoek by die Stafhoof, Groote Kerkgebou 703, of Posbus 1411, Kaapstad.
2/11/2

TE KOOP

Twee tweewiel sleepwaens teen £20 en £12 10s. op Pretoria-Noord Stasie. En een afleweringswa gebou op Dodge '32. Opgeknop en vyf nuwe bande. £105. — skryf aan H. P. Wolmarans, Vydelaan 696, Les Marais, Pretoria.
16/11/1B

WATTELPAL EN SPARR.—Hoekpale 8 voet lank, 6 tot 8 duim bokant dikte 2/- stuk.
Gewone pale 6 voet lank, 4 tot 6 duim bokant dikte 9d. stuk.
Spanpaaltjies 4 voet lank, 1½ tot 2½ duim bokant dikte f3 10/- per 1000 met bas.
Spesiale stringstokke vir tabak 4½ of 5 voet langes f2 15/- per 1000, met bas.
Gelewer Charlestownstasie. Bestel van: L.S. Buys, Amajuba, P.K. Charlestown. Kontant met bestelling.
31/8/TK

GESERTIFISEERDE GROENTESAAD

Chantenay-wortels 6/-; Detroit-beet 4/-; Blaarslaai 17/6; Spitskopkool 8/- per pond, posvry. Verky vollediige pryslys van Premiers, P.K. Schoemanshoek, Oudtshoorn.
6—4TK

GRYS HARE

GRYSHARE herstel, skilfers verwyder, haregroei bevorder, jongvoorkoms verseker, dit waarborg **GRYS-HAARWONDER**, die jongste kunstmatige wêreldwonder haar- en kopvel voedingsmiddel u, skadeloos, kleurstofvry, 5/- per bottel geld met bestelling. Boeregenesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.
C/1/9/49

MEDISYNE

Verwyder die wortel van u kwaal of siekte en herstel u regmatige erfenis **GESONDHEID**, ons beskik oor die middels en behandel alle siektes, skryf, inligting gratis.—Boeregenesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.
A/1/9/49

Siektes en kwale verban! Operasies vermy en gesondheid herstel. Waarom dan sal u langer ly? Skryf, meld besonderhede, raadpleeg **Die Boerevrou**, Bus 7559, Johannesburg. (Nr. 2) 1/9/49

IS U 'N REPUBLIKEIN?

Dan is DIE O.B. u blad

VUL ASSEBLIEF HIER IN

Die Bestuurder,
Voorslag (Edms.) Bpk.,
Posbus 1411,
KAAPSTAD.

Waarde Heer,

Neem asseblief my naam op as intekenaar op Die O.B. tot ek u in kennis stel om toesending te staak. Hierby

ingesluit vind u die bedrag van.....

vir die eerste.....maande.

NAAM:
(Naam en Adres in Blokketters)

POSADRES:

Handtekening.

Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/3 per halfjaar.
Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.

MARK AGENTE

Kamerade! Aandag!
Stuur al u produkte aan U. S. Beltingan, Mark Agente, Uitenhage. Telegrafiese adres: „Blank S.A.” Foon 1063. As julle die dorp besoek kom gesels 'n bietjie. Dienswillig.
21/9/TK

MEUBELS

MEUBELS.—Beter meubels teen billiker pryse Babawaentjies, stootkarretjies, diewiele, linoleums, tapyete, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel.
—VISSEER-MEUBELS, Langstraat 291, Kaapstad.
3/12/11

RADIO

LOUW EN LOUW, die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg. PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteits-aannemers. Foon 9-8435

SOUT

SOUT vir dadelike aflewering in goele sakke. Brandwagte, om 'n eerlike bestaan te maak vra ek u vriendelike ondersteuning deur van my sout te bestel. Spesiale A1 80/-; Sneeuwit No. 1 70/-; Wit No. 2 60/- per ton vrygelaai. Soutwerke tevredeheid gewaarborg. Adres: Komde. Mev. Martie Venter, Possak No. X4, Arbeidsloon, Bloemfontein.
19/1/TK

Nuwe selsoen sout in sterk sakke as volg:—
Spesiale sneeuwit 80/- per ton.
Sneeuwit No. 1 70/- per ton.
Wit No. 2 60/- per ton.
Wit No. 3 50/- per ton.
Sneeuwit fyn tafel- en bottersout per 200 pd. 10/-; 100 pd. 5/-; 50 pd. 2/6. Vry gelaai soutwerke vir tevredeheid en dadelike aflewering, probeer:—
M. Fourie, Veldkornet, P/Sak No. X4, Arbeidsloon, Bloemfontein.

VERVOERDIENS

Vir algemene karweiwerk en ook vervoer van mense tree in verbinding met

J. A. STRAUSS

Posbus 64 - - Telefoon 9-8355
PAROW

PLUIMVEE

Die Beste Firma om u **PLUIMVEE**, **EIER** en ander **PRODUKTE** aan te stuur is:

C. M. ELOFF EN KIE.
(Edms.) Bpk.
MOREMARK (Posbus 7185) Newtown

Al dra 'n dominium 'n republikeinse ring, hy is en bly 'n Empire-ding.

Staat Hou Familie As Gyselaars In Sowjet

Die vraag word soms van Kommunistiese kant gestel dat as toestande dan so sleg in Rusland is as wat dit deur anti-Kommuniste geskilder word, waarom gaan Russe wat hul land in die vreemde verteenwoordig weer terug en maak hulle nie gebruik van hul vryheid om te ontvlug nie? Op hierdie vraag kan 'n hele paar antwoorde gegee word, maar die belangrikste is ongetwyfeld dié wat deur oud-Kommuniste soos Kravchenko, Gouzenko en mev. Kasenkina gegee word: familieledede word in Rusland gehou as gyselaars van diegene wat die land tydelik verlaat.

'n Week of wat gelede het mev. Kasenkina, die Russiese onderwyseres wat 'n tyd gelede uit 'n Russiese diplomatieke verdieping-gebou in New York gespring het in 'n poging om die rooi greep te ontglip, weer van haar laat hoor. Sy het gesê dat sy in voortdurende vrees lewe vir Russiese agente, en dat sy oortuig is dat haar drie susters en hul familie doodgeskiet of na konsentrasiekampe gestuur is omdat sy ontvlug het. Die feit dat die Russiese regering die agterblywendes as gyselaars aanhou, is die rede waarom baie Russe wat graag sou wou wegbreek, nie haar voorbeeld volg nie, het sy gesê.

„GEVOELLOOS”

In sy boek „This was my Choice” het Igor Gouzenko, die Russiese syfer-klerk wat die spioenasiekring in Kanada ont-hul het, 'n hoofstuk aan hierdie aspek gewy. Op die vraag van 'n vriend of dit nie ongevoelig van hom was om hierdie ver-raad te pleeg met die wete dat dit die ongeluk van sy suster en moeder teweeg moes bring nie, was sy antwoord: „My besluit was baie moeilik, maar, glo my, dit was die enigste manier om deur die boosaardige „gyselaarskring” te breek wat deur die Sowjet gebruik word om persone wat op buitelandse sendings gestuur word, die monde te snoer. Veral ouers word gedwing om agter te bly as nie-amptelike gyselaars. Iemand moes hierdie kring verbreek, en ek het die offer gebring in die hoop dat indien ek my lewe behou, ander aangemoedig sal word om ook te waag in belang van 'n nuwe Rusland.”

ONTSETTENDE GEBRUIK

En dan volg 'n ontsettende onthulling vir enigiemand wat in 'n Westerse atmosfeer opgegroe het. Gouzenko skryf dat die belangrikste oorweging wat die deurslag gegee het, die besef was dat sy moeder al bejaard was en dus in elk geval reeds op die dodelys van verhongering geplaas was. Hy verklaar dat die Sowjet-regering met groot misnoeë neersien op ou mense wat geen produktiewe arbeid meer lewer nie, dog net voedsel verteer. „Die verwydering van hierdie „onbruikbare” deel van

Afbrekende Invloed Van Wit Vrou

Die afbrekende invloed van 'n wit vrou in die kraal van die opperhoof is verlede week voor die Britse kommissie van ondersoek geskets deur Tshakedi Khama, voormalige regent van die Bamangwato in Betsjoelana-land. Hy het gesê dat die natuurlewette nie op haar van toepassing is nie. Verder word daar tans sterks drank in die huis van die opperhoof aan besoekers verskaf terwyl die gebruik van sterks drank, behalwe kafferbier, op versoek van die stam al lank verbode is.

Tshakedi het die Britse administrasie verwyt vir die toestand van ontbinding wat ingetree het.

die volk word bewerkstellig op 'n heel eenvoudige manier: Die rantsoene word verminder namate mens ouer word!

SELFVERWYDERING

„Lisjnetzy is die Russiese woord vir die oues en krankses wat die „oorbodiges” geword het. Nou dat ek terugkyk voel ek geskok om daaraan te dink dat as 'n vurige jong Kommunist ek die Lisjnetzy-stelsel nooit as iets monsteragtig beskou het nie. Vir my het dit prakties en billik gelyk. As komsomols (jong Kommuniste) het ons selfs dikwels die saak bespreek en tot die slotsom gekom dat wanneer mens 'n lisjnetzy word, dit wil sê iemand wat aan hierdie burgerlike uitroeiing onderhewig is, dit jou dure plig is om die land van 'n oorbodige verbruiker te bevry deur selfmoord te pleeg. Hierdie standpunt is dermate landswyd verkondig dat die selfmoordsyfer in Rusland vandag hoër is as in enige land ter

wêreld.”

Die jong Kommuniste, aldus Gouzenko, het 'n skertsende gesegde daarvoor gehad. Hulle sal byvoorbeeld van 'n ou werker wat elke dag bleker en maerder word, sê dat hulle besig is „om hom teen die klap-perboom op te stuur” — hy word teruggestuur na die ape-dom, ooreenkomstig die evolusionistiese opvatting dat die mens van die aap afstam.

Gouzenko se moeder, wat in stilte stork gekant was teen die Kommunistiese bewind, het eendag na aanleiding van haar seun se opmerking dat 'n sekerre bejaarde buurman sy dae uitrek ten koste van sy gesin se rantsoen, vinnig teengewerp „dat mens nie jou eer saam met jou krag verloor nie.”

Met die oog hierop dan, verklaar Gouzenko, was hy oortuig dat sy moeder nie sy ver-raad sou afkeur nie — indien sy nie reeds van honger omgekom of doodgeskiet was nie.

SOOS ONS LESERS DIT SIEN

NIE DOOF EN BLIND NIE

Mnr. D. F. Meyer, Blomhoek, Tweeling, skryf:

Die O.B.-kommando's van Tweeling was ook tydelik stil maar nie doof of blind vir wat met ons volk aangaan nie.

Sou daar nog Afrikaners wees wat kan swyg en tevrede wees met die huidige H.N.P.-leiding se verwateringsbeleid van ons volksideale? Ja, nie net verwater nie maar in trurat plaas. Hulle onmag uitbasuin teen kommunisme — dat H.N.P. alleenlik kommunisme oprui en uittart.

Voorwaar 'n dal van vernedering wat Afrikaners nooit verwag het om weer deur te maak nie.

Die vernedering wat skietvereniging-offisiere moes deurmaak; baie blyk hoogs tevrede te wees met die promosie wat hulle gekry het van Assistent Veldkornet, Veldkornet, Kommandant, na „Lieutenant, Captain en Lt.-Colonel”. Niemand sal seker nou meer verbaas wees nie indien die rooi lussie ook sal aanbly na die beloofde S.A. lussie in die plek daarvan nie.

Die Afrikanervolk moes al baie bitterheid en onreg van 1934 verduur na dr. Malan deur sy toedoen die volk in twee geskeur het. Ek vertrou geen Afrikaner sal ooit vergeet waaroor daardie skeuring plaasgevind het nie. Ook vertrou ek dat daar nog genoeg edele en goeie H.N.P.-volgelingen is wat daardie gesmous met die naam van genl. Hertzog en sy beleid deur die huidige H.N.P. net waar dit hulle pas, sal stopsit en versoek om hulle skeuringsbeleid uit te leef sonder daardie gesmous.

Waarom gee die H.N.P.-leiding nie die leisels aan manne van ons volk wat bereid is om hulleself op te offer in belang van hul volk en nie net bereid

is om die opruiers van ons volk uit te tart en lafhartige pogings aanwend vir stemme en vir ons 'n groter vernedering ook nog gaan skep nie, soos bv. waar rapportryers dwarsdeur die land met die republikeinse vlae en ons volksliedere op feeste ontvang word, maar sodra hulle die Voortrekkermonument nader, dit moet begrawe?

Afrikaners, indien ons langer swyg oor die lafhartige verwateringsbeleid van wat vir ons dierbaar en heilig is, sal u moet glo dat daardie stoere Voortrekkerkeslag se vryheidsideale verkeerd was. Dat die vryheidstryd van 1899-1902 verkeerd was. Die 1914-1915 rebellie verkeerd was. Ja, ook die stryd van 1939-1945 van daardie dapper manne en vroue niteenstaande die doodstraf vir hulle gewag het teen die vernietigende beleid van Jan Smuts-regering van alles wat Afrikaans was, verkeerd was. U sal ook moet glo dat dit dr. Malan waardig was om daardie selfde manne en vroue by die Smuts-regering aan te kla.

U sal ook moet glo dat die huidige Eerste Minister nooit op „speaking terms” met sy volk sal kan verkeer nie.

Goddank, daar is nog republikeine wat gewillig is om die Vierkleur ons vryheidssimbool hoog te hou en die erfstuk van ons vadere in ere te herstel.

VERGIFFENIS

Mnr. Jurgens Bezuidenhout, Ohrigstad, skryf:

As oudstryder doen ek 'n beroep op ons ou blanke volkie om met die groot dag van 16 Desember tog so vergewensgesind te wees as ons Koning Jesus self. Laat ons ware Nehemias wees en in aanbidding die Here onse God in opregtheid smeek om ons volksondes te vergewe en sy Wil te laat geskied.

Boere Jeug

AMPTELIKE ORGAAN

BYVOEGSEL TOT DIE O.B. VAN WOENSDAG, 16 NOVEMBER 1949

BOEREJEUG-NUUS

KAAPSTAD: Op Saterdag-aand, 5 November, het die Boerejeug, Tafelbaai 'n gesellige byeenkoms in die Duitse Skoolsaal gehou. Die opkoms was besonder goed en almal het in 'n opgeruimde stemming verkeer.

Behalwe volkspele wat onder leiding van mnr. D. R. Calitz, gespeel is, was daar ook 'n paar goeie nommers op die program. Hierdie nommers is uitgevoer terwyl die gaste kans gekry het om 'n bietjie te „blaas”. Oom Albert Breidenkamp se goëltoertjies het telkens luide applous uitgelok, terwyl mnr. Piet de Villiers die gehoor geboei het met 'n pragtige trompet-solo. Weens onverwagte siekte van sy vader kon oom Gallie Muller, wat ook aan die program sou deelneem, nie teenwoordig wees nie. Verversings was volop en almal kon heerlik smul aan die heerlike tuisgebakte koek, waarvan sommige deur die afdeling

se Boeredogters self gebak was. Sykraampies was 'n ander vorm van vermaaklikheid. Veral het die „Spookhuis” veel belangstelling (en in sommige gevalle vrees) gewek.

Die opbrengs van die aand is gestort in ons „16-Desember-Fonds”.

Die Boerejeug bedank almal vir hulle vriendelike ondersteuning asook almal wat behulpsaam was om van die funksie 'n sukses te maak.

—(Ingestuur).

PAARL: Die Boerejeug van die Paarl is ook hard besig om alles in die haak te bring vir die laertrek van die Boerejeug by die Voortrekkermonument gedurende Desember. Naas die Kaapse Skiereiland stuur die Paarl die meeste Boerejeuglede na die monument-laer.

Op Saterdag, 22 Oktober, het die Paarlse Boerejeug by die huis van Komdte. Rita Hofmeyr bymekaargekom. Hier is daar veel gesels oor die uniforms. Die dogters, wat nog nie die Boerejeug-drag gehad het nie, is van materiaal voorsien en verder moet hulle self die werk daaraan doen.

Laerfooi is ingevorder en hulle sake is nou in die haak vir die monumentlaer.

(Ingestuur deur Karin Bellstedt)

BELLVILLE: Op Saterdag, 5 November het die Boerejeug van

Piet Retief Was Geen Vrymesselaar

Die vraag of die Voortrekker Piet Retief 'n Vrymesselaar was, soos in sommige kringe beweer word, is die afgelope weke in die Cape Times geopper. 'n Rubriekskrywer van die blad verklaar dat daar geen bewyse vir so 'n bewering bestaan nie en dat die Vrymesselaarsfles wat by Retief se lyk gevind is, niks anders nie as 'n onskuldige aandenking moes gewees het.

Professor J. M. C. Franken, van wie daar 'n boek oor Piet Retief verskyn het, het noukeurig op hierdie saak ingegaan. Die dokumente van die Grahamstadse Vrymesselaarslose is ondersoek en die naam van Piet Retief is nêrens daarin te vind nie. Retief, wat baie gesellig van geaardheid was, het wel dikwels met Engelse vriende, wat Vrymesselaars was, verkeer in 'n plek met die naam Freemasons' Tavern — net soos daar ook vandag „Masonic Hotels” is.

'n Leser van die blad, mnr. H. V. Morton, wat ook ondersoek ingestel het, beaam die bevindings, maar spreek die mening uit dat die fles met die Vrymesselaarssteken aan Retief geskenk is deur 'n Amerikaanse sendeling wat toe so pas in, wat vandag bekend is as Durban, aangekom het. Hierdie flesse was in Amerika gemaak en was klaarblyklik bedoel vir iets sterker as water.

AANDAG!

Boerejeug-lede en -offisiere word daarop gewys dat geen plekke van laergangers meer gekanselleer kan word nie. Slegs in geval van siekte kan 'n uitsondering gemaak word. Indien lede nogtans besluit om nie meer saam te gaan nie, bly hulle verantwoordelik vir hulle reisgeld en laerfooi. Sal offisiere asseblief hierdie reëling streng navolg?

Boerejeug-hoofkwartier.

VERJAARDAG-KETTING

Hierdie maats verjaar gedurende die volgende week. Ons wens hulle van harte geluk.

NOVEMBER

19 Rinska van Achterberg, Kensington, Johannesburg.
Hilda Morland, Franschhoek.
Hercules Lotter, Franschhoek.

Hegter Smith, Oudtshoorn.
Martha van Deventer, Frankfort.

Catherina Gericke, Frankfort.

20 de Villiers du Toit, Aliwal-Noord.

Agnes Nel, Oudtshoorn.

21 Dulcie Hopkins, Lynedoch, Stellenbosch.

Jacques Tredoux, Tiervlei.

22 Anna de Beer, Kakamas.

Elizabeth Venter, Jeppe, Johannesburg.

Catharina Nieuwoudt, Buurmansdrift.

23 Pieter Wium, Stellenbosch.

Delarey Nel, Port Elizabeth.

Annemarie Hugo, Franschhoek.

24 Cornelia Fouche, Dist. Vryburg.

Juliana Rademeyer, Oudtshoorn.

Hendrina Watson, Johannesburg.

25 Johannes Aggenbach, oor Kakamas.

Martha Pretorius, Frankfort.



'n Boerejeug-afdeling besig om volkspele te speel tydens 'n weeklikse byeenkoms.

Bellville 'n baie geslaagde Babatentoonstelling gehou in die plaaslike Biblioteeksaal.

Talle ouers en belangstellendes het hierdie funksie bygewoon. Vier-en-veertig babas is ten toongestel en is deur 'n me-

(vervolg in volgende kolom)

(vervolg van vorige kolom) diese dokter beoordeel.

'n Baie welkom besoeker wat teenwoordig was, was die K.G.

Gedurende die aand was daar 'n volkspele-byeenkoms waar ook weer baie belangstellendes en spelers teenwoordig was.

Die offisiere wat hierdie puike tentoonstelling georganiseer het wens almal hartlik te bedank vir hulle vriendelike ondersteuning en hulp.

Die fondse wat ingesamel is bedra £12 en is gestort in die „16-Desember-fonds”.

—(Ingestuur).

Leser,

Hierdie uitgawe herinner u miskien daaraan dat u intekengeld nog uitstaande is. Indien u dit reeds aan Posbus 1411, Kaapstad gestuur het, sê ons baie dankie!

Spekulasie Oor Groter Kabinet

Daar is alle rede om te glo dat die berig wat verlede week in die koerante van die H.N.P. verskyn het oor die moegheid van die ministers en oor die wenslikheid om die kabinet te vergroot, voorgeskryf is aan die koerante, verklaar die politieke medewerker van Die O.B. Die Eerste Minister, dr. D. F. Malan, was altyd ten gunste van uitbreiding van die kabinet. Hy het glo nou besluit dat die tyd ryp is om sodanige uitbreiding te laat plaasvind.

Dit is wel 'n ervarende feit dat ministers onder die huidige stelsel waar hulle die dubbele taak van staats- en partybestuur moet behartig, swaar belaa is. Maar daarbenewens het die H.N.P. in die jongste tyd 'n opeenhoping van tergende terugslaggies ervaar in munisipale en afdelingsraadverkiezings in stad en platteland. Hierdie terugslaggies is aangevul deur die reeks onpopulêre aankondigings wat H.N.P.-ministers gedurende die afgelope tyd moes doen, soos byvoorbeeld verhoging van die broodprys en petrolantsoenering. Dit is oorsaak en gevolg wat aandui dat die H.N.P.-bewind stadig afgly van die golf waarop hy vir 'n paar maande gery het. In die omstandighede beskou dr. Malan 'n aankondiging van 'n vergrote kabinet en die opname daarin van nuwe bloed (of nuwe besems) as die regte stap om gerdryf op te warm.

'n Ander baie belangrike rede vir die vergroting van die kabinet is dat meer vrye tyd vir ministers beskikbaar word om aan die partypolitiek te wy. Ministers is ook partyleiers en as al hulle tyd deur landsake in beslag geneem word dan ly partysake vanselfsprekend daaronder. Vandaar dat in sommige H.N.P.-kringe die aanstelling van onder-ministers bepleit word. Prakties sou dit beteken dat die onder-ministers en die sekretaris die betrokke departement sal behartig terwyl die hoofminister vrygestel sal word om al sy aandag aan die partypolitiek te wy.

AANVULLING

Ek verneem egter dat dr. Malan op die oomblik aandag skenk aan 'n voorstel waarvolgens die kabinet met vier lede uitgebrei sal word.

Hoewel daar 'n groepie Transvaalse volksraadslede is wat heftig gekant is teen die opname van 'n Engelssprekende in die kabinet is dr. Malan glo vasbeslote om sy kabinet met 'n Engelssprekende aan te vul. In die verband word die naam van Senator Miles Cadman algemeen genoem, maar daar kan aangeneem word dat dr. Malan liever vir luit.-kol. George Wynne van Port Elizabeth verkies — as hy hom in die volksraad kan kry.

Wie die ander drie lede van die kabinet sal wees, hang glo grotendeels af van die toekomstige verhoudings tussen die H.N.P. en die A.P. Daar word reeds oor twee stelle name gefluister. Indien die verhoudings versleg sal die kabinet bes moontlik aangevul word met Senator Hendrik Verwoerd; mnr. De Wet Nel, L.V. vir Wonderboom; en mnr. J. J. Serfontein, L.V. vir Fauresmith. Indien die verhoudings egter verbeter word die name genoem van Senator Karl Bremer; mnr. Jan Viljoen, Afrikanerparty-L.V. vir Vryburg, en mnr. H. J. Kloppe, L.V. vir Vrededorp en leier van die Nasionale Party van Suid-Wes.

Engelse Nou Tevrede Met Taalbeleid

Die Engelse pers wat net fluks losgetrek het na die aankondiging 'n paar weke gelede dat sprekers versoek is om net in Afrikaans by die onthulling van die Monument te praat, het verlede week bedaar toe dr. Malan hulle die versekering gegee het dat die voorsitter ook Engels sal praat. Die Cape Times skryf in dié verband:

„Verantwoordelike Engels-sprekende Suid-Afrikaners gee met blydschap toe dat die geskiedkundige en huidige samehang van die vierings dit vanselfsprekend maak dat die taal wat oorheersend gebruik sal word, Afrikaans moet wees. Wat hulle seer gemaak het, was die oënskynlike verbod op Engels. Dr. Malan se verklaring stel die saak in perspektief en toon aan dat die voorsitter van die Monumentekomitee minstens in een stadium van die plegtigheid Engels sal praat.”

Die Kommunistiese familie-twis in Oos-Europa het 'n stap verder gevorder toe Joego-Slawië hierdie week aangekondig het dat hy die verdrag van wedyrsydse hulp met Albanië opse. Dit is die laaste skakel wat verbreek is tussen Tito se regering en sy voormalige Kominform-vriende.

Rooi L.V. Verlaat Unie Sonder Dat 'n Haan Kraai

Mnr. Sam Kahn, die Kommunistiese L.V., verkeer tans in die buiteland waar hy die vreemde inlig omtrent politieke toestande in Suid-Afrika. Gewapen met sy verhoogde status as parlamentslid, word mnr. Kahn met ope arms in amptelike kringe ontvang en word daar naartiglik geluister na wat hierdie „volksvertegenwoordiger” mee te deel het.

In Engeland is mnr. Kahn deur verskillende politieke leiers onthaal, o.a. in die laerhuis deur lede van die regerende party, die Kommunistiese Party en die Onafhanklike Arbeidersparty, terwyl hy 'n gas was van die Parlementêre Vereniging van die Statebond.

Hoe mnr. Kahn die land verlaat het, is nie bekend nie. Nie-

mand het geweet van sy vertrek nie — selfs nie sy vriende nie, volgens die Cape Times berig. In 'n persoonderhoud sou hy geweier het om te sê hoe hy dit reggekry het, maar meegedeel het dat hy op dieselfde wyse weer sal terugkeer.

Na 'n verblyf in Engeland, het hy hierdie week na Europa vertrek.

Sal Rooi Sjina Nou Eers Volgende Jaar Erken

Weens sterk Amerikaanse druk het die Britse regering sy amptelike erkenning van Kommunistiese Sjina voorlopig nog uitgestel. Dit was bekend dat Brittanje en Amerika heeltemal teenstrydige beleide ten opsigte van die rooi Sjinese regering gevolg het. Brittanje, wat eerste aan sy handelsbelange dink, was bereid om dadelik erkenning te verleen, maar Amerika, wat besef dat erkenning van rooi Sjina 'n versterking van Stalin se planne vir wêreldoorheersing sou beteken, wil niks met die rooi militêre regering te doen hê nie.

Die aankondiging van die Britse besluit om erkenning voorlopig uit te stel tot aanstaande jaar, volg op die same-sprekings tussen die ministers van buitelandse sake van Amerika, Brittanje en Frankryk verlede week in Parys. Hierdie konferensie is byeengeroep onder die skaduwee van die Russiese atoombom en die stigting van 'n Duitse republiek in Oos-Duitsland. By die geleentheid het Acheson, Amerikaanse minister van buitelandse sake, baie reguit met Brittanje en Frankryk gesels oor die Russiese bedreiging, en dit was as gevolg hiervan dat nou aangekondig is dat Brittanje sy erkenning van die rooi Sjinese regering uitgestel het.

Op 10 November is uit Australië berig dat die Australiese regering „tentatief besluit het om saam met ander Britse

lande erkenning te verleen aan die Kommunistiese regering in Sjina,” en dat Brittanje, Australië en Nu-Seeland 'n gesamentlike verklaring sou uitreik oor die saak.

Die berig het daaraan toegevoeg dat „Britse en Australiese verteenwoordigers uit Asië op 'n konferensie sal aandrang dat indien Britse en ander belange in Sjina beskerm moet word, die militêre bewind in Sjina erken moet word.

Ons het hier te doen met een van die menigvuldige gevalle waar Britse geldelike belange die deurslag gee in buitelandse

V.S.A. Voorkom Noodlottige Britse Stap

beleid in plaas van gesonde verstand. Dieselfde Britse regering wat hardnekkig weier om die Westerse en anti-kommunistiese Spanje amptelik te erken omdat genl. Franco nie deur middel van 'n parlementêre verkiesing aan bewind gekom het nie, draf met lang treë die Kommunistiese militêre bewindvoerders in Sjina tegemoet nie-teenstaande die feit dat deskundiges van wêreldsake so 'n stap as die grootste enkele bydrae tot Stalin se wêreldheerskappy beskryf.

En Suid-Afrika sit gekoppel aan 'n land soos hierdie, en word keer op keer verplig om agterryer te speel in sy dwase en selfsugtige ondernemings.

DIE BURGER BETIG DR. MALAN

Na aanleiding van dr. D. F. Malan se skerp aanval op die Suid-Afrikaanse Engelse pers, gedoen voor die kongres van die H.N.P. in Bloemfontein, skryf Die Burger, hooforgaan van die H.N.P.:

„Hy (dr. Malan) meen dat daar geen land is waar die pers so onbeheers is as in Suid-Afrika nie. Dit is sterk taal, te sterk na ons mening, want so erg is dit tog nie.”

V.V.O. Beslis Oor Kolonies

Die V.V.O. het hierdie week beslis oor die lot van die voormalige Italiaanse kolonies. Libië word nie later nie as 1 Januarie 1952 'n onafhanklike staat, terwyl die bevolkings van Cyranaï, Tripolitaïë en die Fezzan na onafhanklikheid gelei word deur 'n kommissaris van die V.V.O. en 'n adviserende raad. Somali-land bly vir tien jaar onder Italiaanse bestuur in medewerking met 'n adviserende raad, waarna hy onafhanklik sal word.

OPROER DEUR NATURELLE EN AANHITSING

Gedurende die afgelope naweek het die natuurlike-gepeupel van die Randfonteinse lokasie amok gemaak tydens 'n polisie-klopjag. Die gevolg was dat verskeie lede van die polisiemag ernstige beserings opgedoen het in die uitvoering van hul wettige pligte. Een natuurel is doodgeskiet.

Twee weke gelede het dieselfde petalje hom in die Krugersdorpse lokasie afgespeel. Toe is meer konstellasies ernstiger beseer en is vier natuurelle doodgeskiet.

Daar is aangekondig dat die Minister van Justisie, mnr. C. R. Swart, 'n kommissie benoem het om ondersoek in te stel na die oorsake van die oproerigheid. Die feit dat die Minister optree in die saak is verblydend. Dit raak oënskynlik gewoonte by 'n sekere klas natuurel om oproer te maak en die gesag van die blanke man uit te tart.

Ons verwelkom die minister se magtiging aan die polisie om vuurwapens teen die oproeriges te gebruik. Sal die minister ewe kragdadig optree teen die agitators en die aanhitters van die oproer — wat deur sy ondersoek - kommissie hopelik aan die kaak gestel sal word?

Londen Saboteer Blankedom In Noord-Rhodesië

Dit het verlede week aan die lig gekom dat die Britse regering ten einde toekomstige federasie tussen die Rhodesië en ander Britse gebiede in Afrika te verhoed, bepaal het dat 95 persent van Noord-Rhodesië se grondgebied ewigdurende natuurelle-besit moet wees.

Die blad „New Rhodesia” berig dat die grond in die gebied tot 1947 min of meer gelykop tussen blank en nie-blank verdeel was. Op aanbeveling van 'n kommissie is die kroongrond wat aan blankes toegesê mag word, grootliks ingekort. Die toestand is tans dat daar 11,500,000 akkers vir blanke nedersetting beskikbaar is teenoor 170,000,000 akkers vir natuurelle. Die huidige natuurellebevolking is ongeveer 1,600,000.

Dit is opvallend dat hierdie verandering plaasgevind het juis op die tydstip toe die beweging vir federasie begin groei het. Dit word dan ook beskou as 'n doelbewuste set van die Britse regering om federasie te verhoed, daar aangeneem word dat Suid-Rhodesië nie te vinde sal wees vir federasie met 'n gebied waarin die blanke ontwikkeling tot een-twintigste van die hele gebied beperk is nie.

VESTING TEEN INDIËRS

Noord-Rhodesië, wat vandag een van die welvarendste gebiede in Afrika is, ondervind in die afgelope paar jaar 'n groot toestroming van blankes, veral ook Afrikaners uit die Unie. Mense wat van die toestande in die noorde iets weet, het gehoop dat Noord-Rhodesië die laaste vesting sal wees vir die blankedom teen veral die Asiatiese indringing van uit die oostelike deel van Afrika, waar Brittanje nog 'n wye deur oop hou vir sy onderdane uit Indië. Die nuwe Britse beleid om Noord-Rhodesië nou ook feitlik te sluit vir blanke nedersetting, sal hierdie hoop nou in Empire-rook laat opgaan.

„DIE O.B.” word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Beperk, Stellenbosch, vir die elenaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Grootte Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

Rusland Sal Gereed Wees

(vervolg van bladsy 1, kol. 4)

SAL VEG

Alle inligting dui daarop dat Rusland in die nabye toekoms tot oorlog sal oorgaan indien hy sy doelstellings van vreedsame indringing nie verwesenlik nie. Volgens hierdie inligting sal hy op die laaste vanaf 1955 — indien nie reeds al in 1952 of 1953 nie — met ingrypende eise kom, en as daaraan nie voldoen word nie, sal hy toeslaan. Rusland glo dat die Westerse lande meer kwesbaar is as hyself met atoombomme en dat die blote dreigement van 'n atoom-oorlog die Westerse lande sal laat toegee. Hulle sal dan geleidelik teruggedruk word tot 'n steeds kleinerwordende gebied waarin hulle ekonomies en maatskaplik ryp sal word vir algehele verowering.

Die blad verklaar dat 'n godsdienstige herlewing een van die grootste voorwaardes is vir die uitvoering van 'n grootskaalse verdedigingsplan teen die Russe.

DWAASHEID EN TROTS STALIN SE BONDGENOTE IN WESTE

Vier jaar lank het die Westerse, en veral die Britse en Franse politici volhard in hul Potsdamse dwaasheid en in die bevrediging van hul hartstogte en selfsug deur Duitsland tot op die been kaal te stroop en in die stof te verneder. Die eerste deel van hierdie bedrywighede is genoem „beveiliging” en die tweede deel „heropvoeding”. Intussen het Stalin ongehinderd voortgegaan om Rusland se posisie in Europa te verstewig met Duitse hulp.

Na die stigting van sy Oos-Duitse republiek en die aankondiging van Rusland se besit van die atoomwapen, het die Westerse politici in alleryl byeengekom om hul beleid te heroorweeg. Verlede week het die ministers van buitelandse sake van Amerika, Engeland en Frankryk in Parys vergader om

die nuwe toestand te bespreek, en hierdie week ontmoet hulle die Duitse leiers.


Amerika, wat reeds geruime tyd gelede sy beleid van anti-Duitsheid en, tot 'n mate, „antifascisme” gewysig het, het by monde van sy minister Acheson baie reguit aan die ander twee lande gesê dat hy 'n vriendskaplike Duitsland begeer en dat aftakeling van fabriek nou 'n end moet kry. Acheson het glo selfs gepraat van die moontlike herbewapening van Wes-Duitsland.

STRUIKELBLOKKE

Die grootste struikelblokke in die weg van hierdie Amerikaanse beleid was, volgens Sapa-Reuter (1) die delikate posisie van die Franse minister van buitelandse sake, Schuman, wat op elke punt eers verlof van sy parlement moet verkry

wat dood benoud is oor 'n moontlike heropstanding van Duitsland, en (2) „die posisie van mnr. Bevin (Britse minister van buitelandse sake) wie se vorige pleitbesorging vir die voltooiing van die aftakelingsprogram in Wes-Duitsland, dit vir hom nou moeilik maak om toe te stem tot 'n ommekeer van hierdie beleid.”

Laasgenoemde opmerking van Sapa-Reuter stel op treffende wyse die kleinlikheid van die huidige Britse politiek aan die kaak. Vier jaar lank het minister Bevin volhard in sy platslan van Duitsland sonder dat hy die minste insig gehad het in die gevolge van sy beleid, en nou dat die gevolge deur hul skrikwekkende verskyning stadig tot sy bewussyn begin deuring, is hierdie politikus weer te bang dat sy prestige skade kan ly as hy sy foute erken!



SAG
ja, lieflik sag
WEENS die volle rypheid van Rembrandt se „room van die oes”-tabak PLUS die Golden Throat*-filter PLUS die fabrieksvarsheid van die „Flavotite”-aluminiumhouer.



Aluminiumpakkies 1/3 vir 20
*Wêreldwye Kopiereg
R.A. 76